Laerskool Queenswood

Omsendbrief 9

16 Maart 2011

Geagte Ouers en Voogde

BOBBY VAN JAARSVELD:

Op 15 April 2011 tree Bobby van Jaarsveld by die skool op. Om van hierdie groot fondsinsamelingsprojek 'n sukses te maak, het ons u hulp nodig om kaartjies te verkoop. Vertel u familie en vriende en verkoop asseblief so veel moontlik kaartjies.

VERKOPE BY BOBBY VAN JAARSVELD:

Na aanleiding van die Bobby van Jaarsveld kosskrywe wil ons net die volgende onder u aandag bring. Die hoeveelhede langs die produkte is net 'n aanduiding wat ons in totaal benodig. Ons vra slegs 'n gedeeltetjie van die hoeveelheid. Byvoorbaat dankie vir u hulp en ondersteuning.

RUGBYVERGADERING: 16 MAART 2011

Alle ouers van rugbyspelers wat gaan toer, word vriendelik herinner aan vanaand se rugbyvergadering om 18:00 in die skoolsaal.

BLOU BULDAG:

Op Vrydag, 18 Maart 2011, is Blou Buldag! Leerders kan R5.00 betaal en "Blou" aantrek. Hulle mag ook hul Blou Bul-bandjies wat by mnr. Combrinck teen R20.00 elk verkoop word, aansit. Daar sal 'n prys vir die beste Blou Bul-ondersteuner wees!

MENSEREGTEDAG:

Op Maandag 21 Maart 2011 word Menseregtedag gefier.

Die skool, sowel as die naskool, sal op hierdie dag gesluit wees.

MY SCHOOL-KAART:

Gebruik asseblief u kaart so gereeld as wat u kan.

RUGBY EN NETBAL:

Die rugby- en netballeerders speel op Dinsdag, 22 Maart 2011, wedstryde teen Hermanstad.

Rugbyspanne wat speel: 0/11 en 0/13

Netbalspanne wat speel: 0/11A, 0/12A en 0/13A

Spelers sal nog hierdie week programme ontvang.

KFC-VERKOPE OP 18 MAART 2011:

Om teleurstelling te voorkom bestel asseblief jou "burger & chips" by jou voogonderwyser môre. Sien asseblief pryse op keersy van brief.

ENTREPRENEURSDAG: 25 MAART 2011:

Alle entrepreneurs moet asseblief tussen: 08:00 - 08:30 uitpak 08:30 - 10:00 verkoop

10:00 - 10:30 opruim 10:30 leerders na saal

VAKANSIE:

Die skool sluit op 25 Maart 2011 om 11:00.

Vriendelike groete

R. LUDICK

PRINSIPAAL

Punte van belang:

Bobby van Jaarsveld

Rugbyvergadering

Blou Buldag

Menseregtedag

My School-kaart

Die Graad 3's verkoop KFC18 Maart.
Om teleurstelling te vermy bestel nou al
by jou voogonderwyser.

Smaaklike Burger
R12.00

Lekker Chips
R12.00

Burger en Chips
R20.00